**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**

| Navrae / Enquiries / iMibuzo | MNR. I.J MORKEL | Verwysing / Reference / Ubhekiso | 10/2/2 | Telefoon / Telephone / iMfonomfono | 460-6911 |
|---|---|---|---|---|---|

AAN:
HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, HOOFDE VAN SUBDIREKTORATE, STREEKSDIREKTEURE, AREABESTUURDERS, KRING-BESTUURDERS, VAKADVISEURS, VAKADVIESDIENS EN HOOFDE VAN ALLE ONDERWYS-INRIGTINGS

| | |
|---|---|
| Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye | Onderwyshoof |
| Privaatsak / Private Bag | 9008 |
| Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko | KAAPSTAD |
| Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi | 8000 — Faks / Fax 461 8321 |
| Datum/Date / Umhla | 19 September 1997 |

**OMSENDBRIEF** 0081/1997

**BELEID EN PROSEDURE TEN OPSIGTE VAN NAAMGEWING OF NAAMSVERANDERING VAN ONDERWYSINRIGTINGS OF GEDEELTES DAARVAN**

1. Daar heers tans groot verwarring omdat onderwysinrigtings se name verander word of naamgewing plaasvind sonder kennisname aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD). Ten einde te voorkom dat daar meer as een onderwysinrigting met dieselfde naam in die Provinsie bestaan en om te verseker dat behoorlik rekord gehou kan word van die name van alle sodanige inrigtings, word versoek dat die volgende prosedure gevolg word:

1.1 Naamgewing of naamsverandering van onderwysinrigtings (insluitende sportterreine, paviljoene en skoolsale) word deur die beheerliggaam self goedgekeur en word daarna deur die gebruiklike kanale (Areakantoor) vir kondonering aan die WKOD voorgelê. Die naamgewing, soos deur die beheerliggaam goedgekeur, kan gebruik word nadat die Onderwyshoof dit gekondoneer het.

1.2 Dit is nie die bedoeling om die beheerliggaam se bevoegdheid om 'n naam aan 'n onderwysinrigting toe te ken te betwyfel nie, maar die naam word aan die WKOD voorgelê ten einde te verseker dat daar nie ander onderwysinrigtings met dieselfde naam is nie.

1.3/....

1.3 Voorkeur kan verleen word aan name wat gekoppel is aan:

(i) die geskiedenis of omgewing van die inrigting;
(ii) gepaste en inspirerende slagspreuke;
(iii) opvallende natuurverskynsels of die prag van die omgewing; en
(iv) die naam van die dorp/woonbuurt, veral as die inrigting die eerste in daardie woonbuurt is.

1.4 Die vernoeming van 'n inrigting na 'n lewende persoon is nie wenslik nie en behoort vermy te word. Ander vorme van eerbewys kan eerder oorweeg word. Indien daar in uitsonderlike gevalle wel vernoeming na 'n lewende persoon oorweeg word, moet die persoon genader word vir die nodige goedkeuring alvorens die Onderwyshoof genader word vir kondonering van die naam.

1.5 Vernoeming na 'n gestorwe persoon moet ook met omsigtigheid gehanteer word en sodanige persoon se onmiddellike naasbestaandes moet ook genader word alvorens die Onderwyshoof genader word om dit te kondoneer.

2. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

B P O Gonnell

**HOOF: ONDERWYS**